

HUISGELOOF

Paastyd 2019 Week 3

INLEIDING

Hierdie huisgeloof het twee afdelings:

- Die eerste afdeling is gemik op 'n **gesin met laerskool kinders en jonger**. Dit sluit ook aan by die juniors se les van Sondag 12 Mei.
- Die tweede afdeling is gemik op 'n met **tieners** en sluit aan by die tieners se tema van Sondagaand 12 Mei.
- Indien julle gesin kinders van **beide ouderdomme** het, kan julle een van die twee afdelings kies óf julle kan selfs twee huisgeloof-geleenthede hê in die week!

GESINNE MET LAERSKOOLO KINDERS EN JONGER

Net Jesus kan verlos

Lees saam

Handelinge 4:1-12

Vertel

- Laat die laerskool kinders vertel wat hulle by kategetiese gehoor en ontdek het Sondag. Hulle kan die aangehegte groot prente van die Bybel-boeke daarvoor gebruik.
- Gesels oor mense wat ander gelowe beoefen, bv. Islam. Ken julle iemand van 'n ander geloof?
- Hoe kan ons vir ander mense wys dat God lief is vir hulle?
- God red mense, nie ons nie. Wat kan ons wel doen?

Uitdaging

- Lees weer Handelinge 4:12
- Bid vir iemand wat die Heilige Gees julle aan laat dink.

GESINNE MET TIENERS

God se Ekosisteem

Lees saam

Matteus 13:24-30, 36-43

Vertel

- Laat die tieners iets vertel wat vir hulle uitgestaan het van wat bespreek is Sondagaand.
- Laat hulle ook opsommend vir almal vertel waaroor die boodskap gegaan het.

Gesels

- Wat vertel die gelykenis van die onkruid tussen die koring vir jou oor die koninkryk van God?
- *Google* “ecosystem” en vind uit hoe dit werk. Hoe help die beeld van ekosisteem jou om die koninkryk anders te verstaan?

Uitdaging

Plant boontjies in watte of lê ‘n groentetuin aan. Versorg dit saam. Gesels oor hoe God die natuur versorg en hoe die verskillende dele van die natuur van mekaar afhanklik is. Gesels saam oor hoe ons geroep is om in harmonie met die aarde en met mekaar te leef.

“Gesels” en “Uitdaging” gekry uit: “Wonderwêreld: Jesus se woorde in Matteus oor die koninkryk van God” deur Andries Cilliers, Anriëtte de Ridder, Melanie Thirion en Johann du Plessis. [Beskikbaar by Bybelmedia](#)

